**Notule** van die 5de Gewone Maandelikse vergadering van die Plaaslike Raad vir Beaufort-Wes

gehou in die *Gemeenskapsaal, Kwa-Mandlenkosi, Beaufort-Wes*

op **Dinsdag, 31 Mei 2016**

om **10:10**

**TEENWOORDIG:**

**Raadslede** S.M. Motsoane [Speaker], G.P. Adolph [Voltydse Raadslid], L. Basson, G. de Vos, L. Deyce, J. Diedericks [Uitvoerende Onder-Burgemeester], M Furmen, R.T. Hugo, A.M. Slabbert en G. Simon

**Raadsheer** T Prince [Uitvoerende Burgemeester]

**AFWESIG:**

**Raadslid** GT Murray [*verskoning]*

**IN DIENS:**

Munisipale Bestuurder, Direkteur: Korporatiewe Dienste, Direkteur: Finansiële Dienste, Direkteur: Elektrotegniese Dienste, Wrnde Direkteur: Gemeenskapsdienste en Komitee Klerk

Raadslid J. Diedericks open die vergadering met gebed.

**1. VERKIESING VAN WAARNEMENDE SPEAKER**

**GEEN**

**2. AANSOEKE VIR VERLOF VIR AFWESIGHEID**
3/4/1

| **Raadslid / Heer** | **Datum van verlof** |
|---|---|
| **Raadslid M. Furmen** | Vrydag, 03 Junie 2016 |

**3. GOEDKEURING VAN NOTULES –**

Raadslid G. de Vos gesekondeer deur Raadslid G.P. Adolph stel voor dat die onderstaande notules soos gesirkuleer, goedgekeur en aanvaar word:-

3.1 4de Gewone Maandelikse vergadering van die Plaaslike Raad vir Beaufort-Wes gehou op **Dinsdag, 26 April 2016**

3.2 3de Spesiale vergadering van die Plaaslike Raad vir Beaufort-Wes gehou op **Dinsdag, 24 Mei 2016**

**EENPARIG AANVAAR**
**ALDUS BESLUIT**

## 4. VERKLARINGS EN MEDEDELINGS DEUR DIE SPEAKER

3/4/1

Die Speaker deel die vergadering mee dat hy eerstens net wil melding maak dat hy reeds in September 2015 in sy mededelings versoek het dat die persone wie meer as drie (3) jaar in vakante poste waarneem, geplaas moes word en dit blyk te wees dat daar nog nie uitvoering hieraan gegee is nie. Voorts meld die Speaker dat daar in die daaropvolgende maand Raadsnotules aanvaar was, wat dus beteken dat die mededelings van die Speaker aanvaar was en uitvoering gegee moes word. Die Speaker versoek dan dat daar redes verstrek moet word met betrekking tot waarom daar nie uitvoering aan die Speaker se versoek gegee is nie.

Die Speaker meld dat hy ook wil weet waarom kragpunte toe was en die gemeenskap nie vroegtydig in kennis gestel was nie, terwyl daar in die verlede ooreengekom was dat die gemeenskap vroegtydig in kennis gestel sal word van enige ongerief van hierdie aard.

Verdermeer meld die Speaker dat daar weer na die Kredietbeheerbeleid gekyk moet word as gevolg van die feit dat baie van die mense moet kom smeek om gehelp te word as gevolg van agterstallige skuld en indien die huidige Raad nie hierby kan uitkom nie, moet die nuutverkose Raad hierna kyk.

Laastens meld die Speaker dat die Raadsvergadering in Junie 2016 die laaste vergadering sal wees en indien nodig sal dringende spesiale vergaderings byeengeroep word om aangeleenthede te hanteer.

Baie dankie.

## 5. VERKLARINGS EN MEDEDELINGS DEUR DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

3/4/1

Die Uitvoerende Burgemeester bedank die Speaker vir die geleentheid om sy mededelings aan die Raad oor te dra. Voorts meld die Uitvoerende Burgemeester dat hy ‘n reeks vergaderings beplan waartydens terugvoering aan die gemeenskap gegee sal word wat onder andere die nuwe behuisingsvereistes vir die toekenning van Projek gekoppelde huise insluit. Verdermeer meld die Uitvoerende Burgemeester dat daar nogsteeds mense is wat voor die hof verskyn vir agterstallige skuld wat hulle aan die Munisipaliteit verskuldig is wat nie deur hierdie Raad ondersteun word nie.

Die Uitvoerende Burgemeester meld dat hy ook net wil sê dat daar in die afgelope vyf (5) jaar baie suksesse maar ook teleurstellings was. Voorts versoek die Uitvoerende Burgemeester dat die Administrasie 'n kort verslag/oorsig wat die suksesse en teleurstellings vir die afgelope vyf (5) jaar reflekteer, aan die Uitvoerende Burgemeester te voorsien. Verdermeer deel die Uitvoerende Burgemeester die Raad mee dat Beaufort-Wes Munisipaliteit redelik goed gedoen het in die Provinsie en in die res van die land teenoor ander Munisipaliteite. Die Uitvoerende Burgemeester meld ook dat Oudtshoorn Munisipaliteit onder Administrasie geplaas is en dat Kannaland Munisipaliteit ook Administrasie in die oë staar en dat Beaufort-Wes Munisipaliteit nog nie in so posisie was nie.

Die Uitvoerende Burgemeester vermeld ook dat die delegasie wat met die Provinsiale Minister van Menslike Nedersettings vergader het 'n vrugtevolle bespreking/vergadering gehad het en dat daar weer in Junie 2016 in Beaufort-Wes vergader sal word rakende die uitrol van die bou van toilette. Voorts meld die Uitvoerende Burgemeester dat die Minister by sy standpunt bly deurdat hy nie bereid is om R60,000.00 vir die bou van buite toilette by die huise beskikbaarstel nie, maar het aangedui dat hy bereid is om 'n bedrag van R20,000.00 per toilet te spandeer en dat die projek plaaslik deur werklose persone implementeer word. Die Uitvoerende Burgemeester versoek dan dat die Direkteure: Ingenieursdienste en Gemeenskapsdienste moet help met die identifisering van die mees armste/werklose persone om baat te vind by hierdie projek.

Baie dankie.

## 6. ONDERHOUDE MET AFVAARDIGINGS

### 6.1 SKENKING VAN DIE BEAUFORT-WES MUNISIPALITEIT EMBLEEM
9/1

**BESLUIT**

dkd Dat die Administrasie me. Caroline Charles namens die Raad bedank vir die skenking van die Beaufort-Wes Munisipaliteit embleem.

### 6.2 VOORLEGGING: IMPLEMENTERING VAN DIE NA-URE SPAN VIR WATER EN RIOOL KLAGTES
13/1/1

**BESLUIT**

dpd 6.2.1 Dat die aangeleentheid met betrekking tot die na-ure span vir water en riool klagtes na die Arbeidsforum verwys word.

6.2.2 Dat alle relevante inligting met betrekking tot die aangeleentheid soos bovermeld aan die relevante raadslede en vakbondlede voorsien word.

**6.3 PROPOSED SEIMOGRAAH STATION AT MERWEVILLE**
7/3/4/1/1

Dr. Martin Brandt and his colleague made a presentation to Council regarding the identified shale gas seismie station locations in Merweville and in the Central Karoo. Mr. Brandt indicated that Council is requested from the Council for Geoscience to grant permission for the institution to continue with the project at the identified locations.

After lengthy discussion it was:-

**RESOLVED**

dkd That approval be granted to the Council of Geoscience to continue with the construction of the seismic stations as presented to Council.

**7. OORWEGING VAN VERSLAE DEUR DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER**

**7.1 MFMA: ARTIKEL 71: MAANDELIKSE STATE: APRIL 2016**
5/1/2/1; 8/1/1/2/3

dkd Raadslid L. Deyce Vos gesekondeer deur Raadslid J. Diedericks stel voor dat die Artikel 71 verslag soos voorgelê deur die Uitvoerende Burgemeester vir April 2016, goedgekeur en aanvaar word.

**EENPARIG AANVAAR**
**ALDUS BESLUIT**

**7.2 2015/2016 3RD ADJUSTMENT BUDGET**
5/1/2/1; 5/1/2/2

On proposal of Alderman T. Prince seconded by Councillor G. de Vos, Council unanimously resolved:-

- The adjusted operating revenue and expenditure projects as set out in table B3 be approved;
- The adjusted capital expenditure and funding sources as set out in table B5 be approved;

- That the service delivery and budget implementation plan be adjusted in accordance with the revised budget and that the revised SDBIP be submitted for approval;
- That the revised budget and SDBIP be submitted to National and Provincial Treasury;
- That no overspending of the revised budget be allowed except in cases where the provision of Section 29(1) of the MFMA can be invoked;.
- That further savings be identified and that directors promote effectiveness and efficient within their respective directorates; and
- That overtime and the use of temporary employees be carefully monitored and considered given the poor cash flow position.

**7.3 REPORT ON THE IMPLEMENTATION OF THE BUDGET AND FINANCIAL STATE OF AFFAIRS OF THE MUNICIPALITY – SECTION 52(d) AND SECTION 54 OF THE MFMA: 3rd QUARTER OF 2015/2016 FINANCIAL YEAR**
5/1/2/1

dcs Alderman T. Prince seconded by Councillor G. de Vos propose that the Report on the Implementation of the Budget and Financial State of Affairs for the Municipality – Section 52(d) and Section 54 of the MFMA: 3rd Quarter of 2015/2016 financial year, be approved.

**UNANIMOUSLY ACCEPTED**
**THUS RESOLVED**

**8. DRINGENDE AANGELEENTHEDE DEUR DIE MUNISIPALE BESTUURDER**

**8.1 LANGDIENSTOEKENNING**
4/6/1/6

**BESLUIT**

bpd/dkd
Dat die Administrasie die Raad van 'n voorstel voorsien met betrekking tot 'n geleentheid wat deur die Raad geskep kan word om werkers wat jarelange diens by die Munisipaliteit het en aftree te kan bedank en iets gee wat kan dien as 'n blykie van waardering.

**8.2 EMPLOYEES: ACHIEVEMENT OF CERTIFICATES**
SP

**NOTED**

## 8.3 AFSKRYWING VAN ONINBARE SKULDE: DEERNISHUISHOUDINGS
5/10/5; 5/14/1

aa 8.3.1 Raadslid G.P. Adolph gesekondeer deur Raadslid M. Furmen stel voor dat die afskrywing van oninbare skulde: Deernishuishoudings soos uiteengesit op **Bylae 001 tot 002**, goedgekeur en aanvaar word.

8.3.2 Data 'n Ad-Hoc Komitee bestaande uit die onderstaande raadslede en amptenare van die Administrasie saamgestel word wat alle oorhandigde agterstallige skulde kan assesseer / verifieer en aanbevelings aan die Staande Komitee: Finansiële- en Ontwikkelingskomitee kan maak.

- Raadslid L. Deyce
- Raadslid G. de Vos
- Raadslid R.T. Hugo

**EENPARIG AANVAAR**
**ALDUS BESLUIT**

## 8.4 KONSEP: 2016/2017 GEÏNTEGREERDE ONTWIKKELINGSPLAN [GOP]
10/3/3/5/11

aa 8.4.1 Raadsheer T. Prince gesekondeer deur Raadslid G. de Vos stel voor dat die Konsep 2016/2017 Geïntegreerde Ontwikkelingsplan soos uiteengesit op **Bylae 003 tot 149** van die Agenda, goedgekeur en aanvaar word.

8.4.2 Dat die Kapitale Projekte in Kolom A waarvoor voorsiening gemaak is in die 2016/2017 Kapitaal- en Bedryfsbegroting wat op 31 Maart 2016 ter tafel gelê is vervang word met die Kapitale Projekte gelys in Kolom B:-

| Kolom A | | Kolom B | |
|---|---|---|---|
| 1 | Nelspoort: Opgradering van Freddie Max Singel | 1 | Opgradering van Proteastraat / / Oakstraat, Beaufort-Wes |
| 2 | Rehabiliteer paaie en stormwater: Murraysburg | 2 | Opgradering van Michael de Villierslaan / James Smithlaan, Beaufort-Wes |
| 3 | Rehabiliteer gruispaaie: Rustdene, Kwa-Mandlenkosi en Hillside 2 | 3 | Opgradering van Phinyanastraat, Kwa-Mandlen- kosi |
| | | 4 | Opgradering van Bowerslaan, Beaufort-Wes |

**EENPARING AANVAAR**
**ALDUS BESLUIT**

**8.5 TABLED OPERATING AND CAPITAL BUDGET 2016/2017 FINANCIAL YEAR: 1 JULY 2016 TO 30 JUNE 2017**
5/1/2/1

dcs By proposal of Alderman T. Prince seconded by Councillor G. de Vos Council unanimously **resolved** -

1. That the tabled Capital and Operational Budget for the 2016/2017 of the Municipality for the financial year 2016/2017 and indicative for the two projected outer years 2017/2018 and 2018/2019 be approved as set out in the following schedules:-

   1.1 Operating revenue and expenditure by standard classification reflected in table A2;

   1.2 Operating revenue and expenditure by municipal vote reflected in table A3;

   1.3 Operating revenue by source and expenditure by type reflected in table A4;

   1.4 Capital expenditure by vote, standard classification and funding reflected in table A5;

2. That in terms of Section 75A of the Local Government: Municipal Systems Act (Act 32 of 2000) the following tariffs for property rates are approved and adopted with effect from 1 July 2016:-

   2.1 **Residential properties** : R0.017576

   2.1.1 Rebates in respect of residential properties will be granted in accordance with the Municipality's rates policy.

   2.2 **Agriculture properties** : R0.004107

   2.2.1 Having taken into account the limited rate funded services supplied to agricultural properties in general, the contribution of agriculture to the local economy, the extent to which agriculture assists in meeting the service delivery and development obligations of the Municipality and the contribution of agriculture to the social and economic welfare of farm workers, the Municipality grant rebates to the effect that the netto rate payable on agricultural properties will amount to R0.002054.

   2.3 **Commercial properties** : R0.025569

   2.3.1 That the tariffs and charges as reflected in the tariff book be increase as follows for the 2016/2017 financial year:-

2.3.1.1 **Property Rates** 7%

2.3.1.2 **Water** 7%

2.3.1.3 **Sanitation** 7%

2.3.1.4 **Refuse Removal** 7%

2.3.1.5 **Electricity** 7,64%

2.3.1.6 **Sundry Tariffs** 5%

2.4 The capital projects in column A that was made provision for in the tabled Capital and Operational 2016/2017 Budget of 31 March 2016 be replaced by the capital projects listed in column B in the table below:-

| **Column A** | | **Column B** | |
|---|---|---|---|
| 1 | Nelspoort: Upgrade of Freddie Max Single | 1 | Upgrading of Protea Street / Oak Street, Beaufort West |
| 2 | Rehabilitate roads and stormwater: Murraysburg | 2 | Upgrading of Michael de Villiers Avenue / James Smith Avenue, Beaufort West |
| 3 | Rehabilitate gravel roads: Rustdene, Kwa-Mandlenkosi and Hillside 2 | 3 | Upgrading of Phinyana Street, Kwa-Mandlenkosi |
| | | 4 | Upgrading of Bowers Avenue, Beaufort West |

**8.6 AANSOEK OM AANKOOP VAN GEDEELTE GROND (± 25 HA) OP DIE HOEK VAN DIE R61 EN AFDRAAI NA HOPEVILLE PLAAS: MNR. D. KOOPMAN**
7/3/4/1/3/1

**BESLUIT**

ba Dat Administrasie 'n skrywe aan mnr. D. Koopman rig waarin versoek word dat mnr. Koopman die Munisipale Raad van 'n skriftelike aanduiding voorsien welke hy steeds daarin belangstel om die gedeelte grond te koop, aldan nie.

**8.7 AANBOD VIR AANKOOP VAN RESIDENSIELE ERWE: ESSOPVILLE**
7/3/4/1/3/2

**BESLUIT**

ba Dat goedkeuring verleen word dat **erf 3080** aan die korrekte aanbieder / tenderaar, naamlik me. **M.L. Rooi** ten bedrae van **R39,000.00**, BTW uitgesluit verkoop word en nie aan me. M. Louw soos aanbeveel in die evalueringsverslag nie.

**8.8 TOEKENNING VAN ERF 4474: VERSOEK VIR TERUGBETALING VAN KOOPSOM (R21 000): RUSTDENE: MNR. B STEENKAMP**
7/2/4/1/3/2

aa Raadslid G. de Vos gesekondeer deur Raadslid L. Deyce stel voor dat goedkeuring verleen word vir die terugbetaling van die bedrag van R21,000.00 aan mnr. Steenkamp synde die koopsom vir erf 4474 minus tien (10) persent administratiewe kostes.

**EENPARIG AANVAAR**
**ALDUS BESLUIT**

**8.9 AANSOEK OM GROND VIR DIE BOU VAN 'N KERK: MOOI HAWENS SENDING**
7/3/4/1/3/4

aa Raadslid L. Deyce gesekondeer deur Raadslid G. de Vos stel voor dat erwe 1455 – 1457 en 1460 – 1464, nie vir die doeleindes van 'n kerk vervreem word nie.

**EENPARIG AANVAAR**
**ALDUS BESLUIT**

**8.10 COUNCIL ADOPTION OF KAROO SMALL TOWN REGENERATION AND REGIONAL ECONOMIC**
10/3/2/3/4

dcs Councillor M. Furmen seconded by Councillor G. de Vos propose that the Karoo Small Town Regeneration and Regional Economic Development Conference Declaration 2016 attached as **Annexure 312 to 315** be adopted.

**UNANIMOUSLY ACCEPTED**
**THUS RESOLVED**

**8.11 PRIORITISERING VAN STRATE**
13/3/1

dkd Raadslid G.P. Adolph gesekondeer deur Raadslid L. Deyce stel voor dat die onderstaande strate in prioriteitsvolgorde opgradeer word in die 2016/2017 finansiële jaar. Voorts dat ondermelde strate die strate wat in die konsep 2016/2017 Geïntegreerde Ontwikkelingsplan gelys is onder befondsde kapitaal projekte vervang:-

- Opgradering van Proteastraat / Oakstraat, Beaufort-Wes
- Michael De Villiersstraat / James Smithlaan, Beaufort-Wes
- Phinyanastraat, Beaufort-Wes
- Bowerslaan, Beaufort-Wes

**EENPARIG AANVAAR**
**ALDUS BESLUIT**

**8.12 WATER SERVICES DEVELOPMENT PLAN: 2016/2017**
13/1/2/4

ba Councillor G.de Vos seconded by Councillor G.P. Adolph propose that the Water Services Development Plan [WSDP] for 2016/2017 be approved.

**UNANIMOUSLY ACCEPTED**
**THUS RESOLVED**

**8.13 PRT CENTRAL KAROO: RECTIFICATION AND CONSTRUCTION OF TOILETS**
13/4/3/1

The Mayor informed Council that the delegation that met with the Provincial Minister of Human Settlements last week had fruitful decisions regarding the housing needs of Beaufort West Municipality and the reconstructions of outside toilettes to the houses.

The Mayor also mentioned that the Minister indicated that he is not willing to pay ± R60, 000.00 per toilet but rather avail R20, 000.00 per toilet whereby the project will have to be implemented locally with workers from the unemployed. Lastly the Mayor indicated that the Minister requested that a consolidated application for housing be submitted for Merweville, Murraysburg and Nelspoort.

**RESOLVED**

dcs

8.13.1 That the Department of Community Services conduct a socio-economic profile in all the areas with out toilets in order to determine the extent of the most vulnerable households.

8.13.2 That a consolidated application for integrated human settlement that include Murraysburg, Merweville and Nelspoort be submitted to the Department of Human Settlement.

**8.14 VOORGESTELDE OPGRADERING VAN DIE RUSTDENE STREEKSPORT STADIUM**
14/9/1

**BESLUIT**

kk Dat die aangeleentheid oorstaan tot die eersvolgende Raadsvergadering.

**8.15 TOEGANKLIKHEID (OPRITTE) BY DIE HUIS VAN PERSONE MET GESTREMDHEDE**
14/11/3/1

**BESLUIT**

aa Dat die Behuisingsafdeling 'n opname maak met betrekking tot hoeveel soortgelyke gevalle in al die wyke is waar dieselfde tekortkominge is.

**8.16 OMSKEPPING VAN DAM IN 'n KLEUTERSKOOL: MANDELA SQUARE**
14/11/3/2/28/1

**BESLUIT**

aa 8.16.1 Dat ondersoek ingestel word welke die aanbring / bou van 'n Primêre Skool ook 'n Kleuterskool kan akkommodeer in die area soos geïdentifiseer deur Raadslid G. de Vos.

8.16.2 Dat die grootte / omvang van die beoogde gedeelte grond waarop die Kleuterskool opgerig moet word by die eersvolgende Raadsvergadering rapporteer word.

**8.17 VERKLARINGS EN MEDEDELINGS DEUR DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER**
3/4/1

dkd Raadslid G. de Vos gesekondeer deur Raadslid G.P. Adolph stel voor dat die mededelings van die Uitvoerende Burgemeester goedgekeur en aanvaar word.

**EENPARIG AANVAAR**
**ALDUS BESLUIT**

**8.18 VERKLARINGS EN MEDEDELINGS DEUR DIE SPEAKER**
3/4/1

dkd Raadslid G. de Vos gesekondeer deur Raadsheer T. Prince stel voor dat die mededelings van die Speaker goedgekeur en aanvaar word.

**EENPARIG AANVAAR**
**ALDUS BESLUIT**

**8.19 VERGOEDENDE TOELAAG: NP FRIESLAAR – SUPERINTENDENT: GEBOUE ONDERHOUD**
SP

Sien afsonderlike Notuleboek.

**8.20 SUPPLY CHAIN MANAGEMENT MONTHLY IMPLEMENTATION REPORT: APRIL 2016**
8/1/1/2/3

dcs Councillor G. de Vos seconded by Alderman T. Prince propose that the Supply Chain Management Monthly Implementation Report for April 2016 be approved.

**UNANIMOUSLY ACCEPTED**
**THUS RESOLVED**

**8.21 NOTULES/VERSLAE VAN 'N VERGADERING VIR DIE KONSEP BEGROTING 2016/2017**
5/1/2/1; 5/6/1

**KENNIS GENEEM**

**8.22 ADDENDUM: MIG PROJEKTE: BESKIKBARE BEDRAE VIR 2016/2017 en 2017/2018**
10/3/3/5/5

Afgehandel onder item **8.11**.

## 9. OORWEGING VAN KENNISGEWINGS VAN MOSIES

**GEEN**

## 10. OORWEGING VAN KENNISGEWINGS VAN VRAE

**GEEN**

## 11. OORWEGING VAN DRINGENDE MOSIES

### 11.1 DRINGENDE MOSIE: AANBOD TER VEREFFENING VAN AGTERSTALLIGE REKENING: PEPPER TREE TRUST: ERWE 5866 EN 7391: REKENING NR.07834/000562 EN 002106/000562

5/10/5

dcs Raadslid G. de Vos versoek die Speaker om hom die geleentheid te bied om ‘n dringende mosie aan die Raad voor te hou. Vervolgens versoek die Speaker Raadslid De Vos om aan die Raad te vermeld waaroor die mosie handel.

Na aanleiding van die voormelde meld Raadslid De Vos dat die mosie handel oor die afskryf van agterstallige skuld ontvang van Pepper Tree Trust waarin ‘n aanbod gemaak was om die bedrag van R85,000.00 te betaal en die res van die agterstallige skuld afgeskryf word en die Raad nie die aanbod tydens ‘n vergadering gehou op 26 April 2016 aanvaar het nie.

Vervolgens versoek die Speaker raadslede om aan te dui welke daar enige sekondant vir die mosie van Raadslid De Vos is, waarna Raadslid G.P. Adolph die mosie sekondeer.

In die afwesigheid van enige teenvoorstel gee die Speaker toestemming aan Raadslid De Vos om voort te gaan om die mosie te motiveer.

Raadslid De Vos gaan voort om sy mosie te motiveer deur aan die Raad te vermeld dat vanweë die Pepper Trust se huidige finansiële posisie die Trust nie in ‘n posisie is om die totale uitstaande skuld te kan betaal nie. Voorts meld Raadslid De Vos in die lig gesien van die voormelde stel hy voor dat die Raad goedkeuring verleen vir die aanvaarding van die aanbod van R85 000.00 ter volle en finale vereffening van die uitstaande munisipale dienste en belastings ten opsigte van erf 5866 en erf 7391, Beaufort-Wes.

**EENPARIG AANVAAR**
**ALDUS BESLUIT**

Die vergadering verdaag om **13:40**.

Notule bekragtig hierdie __________ dag van _________________________ 2016.

_________________________________
**SM Motsoane**
***[Speaker]***